



GRAAD	7	*	8		9		KWARTAAL	1		2	*	3		4		DISSIPLINE	Finansiële Geletterdheid	*	Entrepreneurskap		Die Ekonomie	
OPVOEDERS 	DATUM: 31 Maart – 3 April 2020																					
	Onderwerp / Inhoud / Begrippe / Vaardighede (Wat gaan ek onderrig/raad gee/ondersteun...)										Onderrigmetodes & Klaskamerbestuur-vaardighede (Hoe gaan ek onderrig/raad gee/ondersteun...)							Hulpbronne / LTSM (Wat gaan ek onderrig/raad gee/ondersteun...)				
	Rekeningkundige begrippe: Kapitaal; bates; laste; inkomste; uitgawes; wins; verlies; begrotings; spaargeld; banksake; finansiële rekords; transaksies.										Gebruik voorbeelde in die praktyk om die teorie en praktyk bymekaar te bring.							Handboeke, ePortal en onderrig -en assesseringsprogramme				
OUERS 	Rekeningkundige begrippe										Verduidelik die rekeningkundige begrippe. Vra jou kind die verskillende begrippe dat sy/hy dit goed ken (uit die kop uit)							Verwys na ePortal en die onderrig-en assesseringsprogramme				
LEERDER AKTIWITEITE 	Leerder aktiwiteit en notas aan leerders en opvoeders Notas: Belangrike begrippe en definisies Aktiwiteit 1:																					
Informele assessering	Skryf 'n toets oor al die begrippe																					



BELANGRIKE BEGRIPPE EN DEFINISIES

KONSEP	DEFINISIE
KAPITAAL	Geld of ander besittings wat die eienaar in sy besigheid belê om dit te kan begin, bv. sy spaargeld, voertuie (bv. 'n bakkie) of selfs toerusting (bv. 'n rekenaar).
BATES	Besittings wat die besigheid besit wat in kontant (geld) omgeskakel kan word en baie lank hou, bv. grond en geboue, voertuie, en toerusting.
LASTE	Geld wat die besigheid aan ander mense of ander besighede skuld, bv. 'n lening by die bank.
INKOMSTES	Geld wat die besigheid verdien deur bv. verkoop van produkte of deur die lewering van 'n diens.
UITGAWES	Dit is kostes wat die besigheid aangaan om te kan besigheid doen. Dit kan die betaling wees vir dienste wat die besigheid nodig het, of dit kan die aankoop van items wees wat die besigheid gaan opgebruik.
<i>Die verskil tussen inkomstes en uitgawes kan of 'n wins of 'n verlies wees.</i>	
WINS	Wanneer inkomstes MEER is as uitgawes.
VERLIES	Wanneer uitgawes MEER is as inkomstes.
BEGROTINGS	'n Plan van hoe om beplande inkomste te bestee. Die besigheid beplan vooruit waar om sy inkomste te kry en hoe hy dit gaan bestee (op bv. uitgawes).
SPAAR	Wanneer die besigheid geld eenkant sit (bv. in 'n bank) vir toekomstige gebruik.
BANKWESE	Banke bedryf hulle sake in die Bankwese. Banke is finansiële instellings wat geld van besighede veilig bewaar of geld leen aan besighede.
TRANSAKSIES	Wanneer twee partye (koper en verkoper) oorgaan tot aksie. Die een koop en die ander verkoop.
FINANSIËLE REKORDS	Transaksies moet daaglik opgeteken word in die 'boeke' van 'n besigheid. Dit word die byhou van finansiële rekords genoem.





Aktiwiteit 1: Rekeningkundige begrippe

Lees die leidrade op die volgende bladsy en soek die antwoorde in die onderstaande woordblok.)

F	H	D	N	T	A	G	B	G	Z	D	O	U	X	W	H	M
I	F	R	D	L	R	I	O	A	E	O	I	L	V	J	M	O
N	U	U	Y	J	U	A	N	K	T	I	D	T	E	W	T	F
A	X	S	F	H	C	B	N	K	X	E	V	P	L	O	X	L
N	O	F	Z	M	I	B	E	S	O	L	S	I	H	U	V	H
S	L	B	W	E	P	O	E	G	A	M	O	Z	C	V	S	D
I	M	F	Q	C	L	W	B	A	R	K	S	V	U	I	C	K
E	D	I	F	E	A	A	T	A	C	O	S	T	L	P	A	F
L	S	T	X	G	C	I	S	I	N	X	T	I	E	G	X	Y
E	E	P	T	A	P	V	N	T	Z	K	W	I	E	S	O	M
R	F	I	A	A	T	E	N	Y	E	I	W	I	N	S	O	M
E	U	Q	K	A	K	O	B	C	Y	G	O	E	N	G	J	M
K	U	S	E	N	R	G	B	R	J	F	W	J	S	S	K	I
O	Q	P	A	B	S	A	R	U	C	Y	X	W	A	E	G	B
R	E	B	R	W	D	K	K	Q	T	C	O	A	X	E	Q	E
D	W	L	F	U	M	K	B	C	Q	T	B	D	Y	Y	V	V
S	K	Z	C	F	V	E	R	L	I	E	S	R	O	O	M	W



LEIDRADE:

1. Wanneer inkomstes meer is as die uitgawes.
2. Finansiële instellings wat geld van besighede bewaar en geld aan besighede leen.
3. Besittings wat die besigheid besit wat in kontant omgeskakel kan word.
4. Geld wat die besigheid aan ander besighede skuld.
5. Wanneer die besigheid geld eenkant sit vir toekomstige gebruik.
6. Wanneer uitgawes meer is as die inkomstes.
7. Banke bedryf sake in die ...
8. Geld of ander besittings wat die eienaar in sy besigheid belê om die besigheid te kan begin.
9. Die kostes wat die besigheid aangaan om te kan besigheid doen.
10. 'n Plan van hoe om beplande inkomstes te bestee.
11. Gelde wat die besigheid verdien deur bv. die lewering van 'n diens.
12. Wanneer twee partye oorgaan tot aksie, die een koop en die ander verkoop (meervoud).
13. Transaksies wat daaglik opgeteken word.

